**AFRIKA-DAG 2024: UNIVERSITEITE SE ROL IN DIE AU-EU-INNOVASIE-AGENDA**

**Hester Klopper***

Afrika-dag is nie net ’n datum op ons kalender nie – dit is ’n simbool van ons gedeelde geskiedenis, kollektiewe stryde en grenslose potensiaal as Afrikane. Dit is ’n dag om ons verskillende tale, musiek, kuns en tradisies te vier – die gare waarmee die ryk tapisserie van Afrika-identiteit saamgeweef word.

Afrika-dag gaan oor die herbevestiging van ons verbintenis tot die beginsels van Pan-Afrikanisme, wat die voorspoed, solidariteit en eenheid van ons vasteland, asook samewerking tussen Afrika-nasies, insluit. Dit gaan ook oor die erkenning dat ons lotsbestemmings verbind is en dat ons ons vasteland se uitdagings net deur samewerking kan aanpak.

Maar die belangrikste van alles is moontlik dat Afrika-dag ’n oproep tot aksie is. Dit is ’n herinnering dat die stryd om vryheid, geregtigheid en gelykheid nog lank nie verby is nie. Dit is ’n uitdaging vir elkeen van ons om onsself opnuut toe te wy aan die taak om ’n beter Afrika te bou – ’n Afrika waar elke kind toegang het tot onderwys, waar elke vrou bemagtig word om haar volle potensiaal te bereik en waar elke mens in waardigheid en vrede kan leef. Om ’n beter Afrika te bou sal ons innoverende oplossings vir sommige van die vasteland se dringendste uitdagings moet vind. Dit sluit onderwys, gesondheid, klimaatsverandering, regering en volhoubare ontwikkeling en vele meer in.

**Innovasie-agenda**

Een inisiatief wat in hierdie verband nuttig kan wees, is die Afrika-unie (AU) en die Europese Unie (EU) se Innovasie-agenda. Die AU-EU-innovasie-agenda bied ’n transformerende raamwerk vir samewerking tussen die EU en die AU om die innoverende vermoëns en prestasies van Europese en Afrika-navorsers en innoveerders in tasbare uitsette te omskep, insluitend produkte, dienste, werksgeleenthede en besighede. In die woorde van Margrethe Vestager, Uitvoerende Vise-President vir ’n Europa geskik vir die digitale era: “Die Innovasie-agenda sal die ruggraat verteenwoordig van ons samewerking wat navorsings- en innovasie-aksies met Afrika ondersteun. Dit het ten doel om ’n tasbare positiewe impak op grondvlak te skep, soos gereedskap vir landbougebruik, klimaatdienste en voedselstelseltransformasie, tesame met voorpunt-medisyne, biotegnologie en diagnostiek.”

Voorts moet navorsing en innovasie in tasbare produkte, dienste, ondernemings en werksgeleenthede omgeskakel word, om sodoende ’n volhoubare langtermyn-samewerkingsmodel tussen die AU en EU te vestig en ’n voorspoedige toekoms vir miljoene Afrikane te skep. Die vier prioriteitsareas van die Innovasie-agenda, naamlik openbare gesondheid, groen oorgange, innovasie en tegnologie, asook verhoogde kapasiteit vir wetenskap, is van groot belang in die volhoubare ontwikkeling van die Afrika-kontinent.

**Rol van universiteite**

Volgens die Innovasie-agenda word die ontwikkeling van “volhoubare, langdurige en wedersyds voordelige hoëronderwys-, navorsing- en innovasievennootskappe tussen die AU en die EU-lande gesien as die grondslag vir veerkragtige kennisekonomieë en -samelewings, wat onder meer die gevolge van groot krisisse temper of versag”.Munyaradzi Makoni voer aan dat die Innovasie-agenda universiteite in ’n sentrale rol in die ontwikkeling van betrekkinge tussen die AU en die EU plaas. In die lig hiervan het die Innovasie-agenda ondersteuning ontvang van die Afrika-navorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA), ’n netwerk van 19 van die vasteland se voorste universiteite, en die Gilde vir Europese Navorsingsintensiewe Universiteite (The Guild) met sy 21 lede, waarvan die Universiteit Stellenbosch een is. ARUA en The Guild het laat blyk dat hulle die bekommernisse van

die Innovasie-agenda deel oor die behoefte om die breinkwyn van vaardige jong Afrika-navorsers aan te pak en geleenthede vir hierdie Afrika-navorsers te skep om hul vaardighede en kundigheid binne die vasteland van Afrika toe te pas.

ARUA en The Guild het voorts die voorstelle in die Innovasie verwelkom, veral die volgende:

- "Die ontwikkeling en versterking van Klusters van Uitnemendheid, wat beide Suid-Suid- en Suid-Noord-wetenskapsamewerking kan versterk en navorsingsuitnemendheid kan bevorder deur hoogs talentvolle jong navorsers én meer senior navorsers deur die vestiging van gevorderde studie-instellings te ondersteun;
- "Die versterking van inklusiewe en toeganklike navorsings- en innovasie-infrastruktuur van wêreldgehalte in die EU en AU;
- "Die bevordering van gesamentlike Afrika- en Europese meesters- en doktorale programme."

In die lig van hierdie ambisies van die AU en die EU om die rol en belangrikheid van navorsing, hoër onderwys en innovasie in die Innovasie-agenda as deel van hul algehele samewerkingsooreenkoms te verbeter, het ARUA en The Guild 17 gesamentlike Klusters van Uitnemendheid (CoRE's)tot stand gebring, wat nou tot 20 uitgebrei is. Die CoRE's hou die belofte in om aansienlik by te dra tot die bereiking van die ambisieuse doelwitte wat in die nuwe AU-EU-samewerkingsooreenkoms uiteengesit is. Dit sluit 'n "sterk, inklusiewe, groen en digitale herstel en transformasie" in, wat op volhoubare beleggings in sleutelareas van infrastruktuur en gesondheid tot onderwys en die omgewing fokus.

Deur saam te werk om gedeelde samelewingskwessies aan te pak het die prominente universiteite in Afrika en Europa wat by die CoRE-inisiatief betrokke is, ten doel om die landskap van samewerkende navorsing te transformeer, met die klem op billikheid as 'n voorvereiste vir uitnemende navorsing met impak. Elke kluster van die inisiatief pak 'n beduidende maatskaplike uitdaging aan wat in die AU-EU-innovasie-agenda uiteengesit word.

Die Innovasie-agenda onderstreep Afrika se deurslaggewende rol in die bevordering van innovasie en volhoubare ontwikkeling en beklemtoon die samewerking tussen die EU en die AU om gemeenskaplike uitdagings aan te pak en wedersyds voordelige geleenthede te verken. Dít in ag genome, speel Afrika 'n veelvlakkige rol in die globale gemeenskap. Eerstens spog die vasteland met 'n oorvloed natuurlike hulpbronne, insluitend minerale wat noodsaaklik vir hernubare energie en volhoubare tegnologie is. Tweedens is die vasteland danksy die potensiaal vir innovasie en entrepreneurskap 'n sleutelspeler in die bevordering van die groen oorgangsekonomie en die bereiking van die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte. Derdens beskik Afrika oor die potensiaal om beleid en internasionale ooreenkomste oor globale kwessies van klimaatsverandering, volhoubare ontwikkeling en inklusiewe groei te beïnvloed.

Kom ons verbind onsself met die viering van Afrika-dag opnuut tot die benutting van hierdie potensiaal om 'n beter kontinent deur innovasie te bou. Kom ons staan in eensgesindheid saam met almal regoor die vasteland in ons strewe vir 'n beter toekoms vir alle Afrikane. Laat ons nooit die woorde van Nelson Mandela vergeet nie, wat ons daaraan herinner het dat "dit in jou hande is om 'n beter wêreld te skep vir almal wat daarin woon".

*** Prof Hester Klopper is Adjunk-visekanselier: Strategie, Globale en Korporatiewe sake aan die Universiteit Stellenbosch.**